

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 22

(Junie 1963)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Verlos ons van die bose

Die gelowige se lewe hier op aarde word gekenmerk deur stryd, stryd teen satan en die magte van die duisternis. Terwyl hy in die gevangenis te Rome verkeer en die lewensdag vir Paulus gedaal het, het hy sy lewe wat verby is, soos volg getipeer: "Ek het die goeie stryd gestry ..." (2 Tim. 4 vers 7).

Daar is in 'n oorlog niks so fataal as die oorskatting van jou eie mag en die onderskatting van die mag van die vyand nie.

Indien u in die geestelike stryd teen satan u eie menslike krag oorskat en die mag van satan onderskat, sal die bose u seker en gewis oorweldig.

U moet u krag en sterkte in God soek! Daarom het ons Here Jesus Christus ons in die Onse Vader geleer om te bid: Verlos ons van die bose! Die Griekse woord vir verlos beteken eintlik: uitruk. Veldkamp sê in die verband: "Hierin schreeuwt een ziel naar God, die den heeten adem van den vijand in z'n nek voelt, en de vreeselijke klauwen naar zich uitgestrekt ziet". Die Heidelbergse kategismus verklaar die bede as volg: "Omdat ons in onself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie, en daarby nog ons doodvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelijk vergoed die oorhand behou".

U geagte leser, stry dus 'n ongelyke stryd. Aan die eenkant u, wie se menslike krag louter swakheid is, aan die ander kant, u doodvyande — die bose, die wêreld en u eie vlees.

Christus noem satan hier, die bose. Met hierdie naam word hy uitnemend gekarakteriseer deur Christus self. Hy is boos, sleg, gemeen, vuil en laag — die volmaakte teendeel van goed. Hy is 'n sterke vyand, maar ook 'n gevaarlike en listige vyand. Hy doen hom soms voor as 'n engel van die lig, maar sy wese is boos — hy is die bose sê Christus. En hy probeer met al sy sataniese krag om teen elke prys u ondergang te bewerkstellig.

Hy beskik oor twee bondgenote in sy stryd teen u, sê die kategismus: Die wêreld en u eie vlees. Agter die verleidinge en verlokkinge van die wêreld, agter die sondige neigings en begeertes van u sondige hart, moet u die afskuwelike en gedrogtelike gestalte van die bose sien.

Geagte leser, oorskat dus nie u eie mag nie, onderskat nie die mag van die bose nie. Moenie in valse gerustheid meen dat u twee here kan dien nie, dat u saam met die stroom van die wêreld kan gaan en nogtans staande sal bly nie. Die bose sal u gewis oorweldig. Hy laat u nie 'n enkele dag met rus nie. Stry dus elke dag van u lewe die stryd teen hom in die krag van u God. Begin elke dag van u lewe met die bede wat Christus self vir u geleer het om te bid: "Verlos ons van die bose".

Elke môre van u lewe dus: Eers na die Bron van u krag en dan na die stryd. Eers na die Helper, Bewaarder en Verlosser om dan die versoekings en verleidinge van die bose te kan weerstaan.

Dan is u oorwinning oor die bese nie twyfelagtig nie, maar waaragtig en seker, dan wag daar ook vir u, soos vir Paulus, na die aardse stryd, die kroon van oorwinning.

"Maar na die dood, dan rys die dag vir my.
God sal my red, Hy koop my siel dan vry
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,
Neem my dan op in ewige heerlikheid."

[Ps. 49:6 (Berym)]

B. J. Lombard.

Wat baat dit om God te dien?

Nee, dit sal jou niks help as jy dink dat jy deur God te dien in 'n kort tydjie skatryk gaan word nie!

Baie mense dink so!

As hulle God vir 'n tydjie gedien het en dit gaan met hulle glad nie beter as vroeër nie of dit gaan met hulle selfs slegter as vroeër, dan sê hulle baie gou: “Dit help tog niks om God te dien nie”.

Die groot probleem van hierdie mense is dat hulle die waarde van godsdiens wil sien in suksesse, voorspoed, allerlei seëninge en veral in klinkende munt. Hoe het die seekat-arms van die materialisme baie mense tog nie al vasgegryp nie! Alles, ook die godsdiens, word beoordeel in terme van geld en wins.

Die mense wat so dink, maak van God 'n handelaar of 'n winkelier: Ek gee Hom iets — ek dien Hom — en nou moet Hy weer aan my iets gee: Hy moet my seën en my ryk maak!

Hoe blind is die mense wat so praat tog nie! Hulle het nog nooit gemerk dat God reeds soveel aan hulle gegee het dat hulle Hom alleen maar uit dankbaarheid vir al sy weldade kan dien nie. Dink net wat het Hy alles al aan ons gegee: kos, klere, krag, gesondheid, vrou, kinders, 'n dak oor ons hoof, sonskyn, reën — ja, te veel om op te noem. En wat nog daarvan dat God sy eniggebore Seun aan ons geskenk het wat in 'n bittere en smadelike lyde die smarte van die hel gedra het om ons ewig daarvan te verlos sodat ons kan deel in die ewige en heerlike saligheid wat Hy vir ons verwerf het!?

As 'n mens dit raakgesien het, besef jy dat net die vraag: "Wat baat dit om God te dien?" 'n sondige en vermetelde vraag is. Ek moet God dien uit dankbaarheid vir wat Hy reeds vir my gedoen het en nog doen!

Nou hoor ek egter al die teëwerping: Ja, jy kan nou wel so sê. Maar ek weet van goddelose mense wat skatryk geword het en lekker lewe. Daarteenoor is daar ook gelowige en vrome mense van wie ek weet dat hulle bitter swaar kry en moet worstel om kop bo water te hou. Hoe moet ek dit verstaan?

Met hierdie probleem het baie mense al geworstel — ook mense van wie die Bybel ons vertel. Een van hierdie mense is Asaf, die digter van Psalm 73. Hy het ook die geweldige voorspoed van die goddelose gesien en daarteenoor sy eie teëspoede en swaarkry. En toe het hy ook gedink dat dit tevergeefs is om God te dien.

Nêrens kon hy lig vind op sy probleem nie, totdat hy in die heiligdomme van God ingegaan het. Daar in die Woord en in die kerk van God, het hy die oplossing gevind. Daar het God hom laat sien dat die voorspoed van die goddelose juis hulle ondergang beteken. Hulle voorspoed is soos gladde plekke waarop hulle staan om maklik daarvan af te gly en in 'n ewige puin en verderf te val. Omdat hulle so voorspoedig is, dink hulle dat hulle sonder God kan lewe. Hulle vergeet Hom, verwerp Hom en gaan verlore.

Hulle voorspoed is dus hulle ondergang!

In die heiligdomme, die Woord en die kerk van God het die digter gewys op die einde van hierdie mense en . . . dit was verskriklik! Terwyl dit hier op aarde met hulle so goed gaan, sal dit met hulle op die dag as hulle sterf alles behalwe goed gaan. Daarteenoor mag dit met die gelowige hier op aarde sleg gaan, maar as hy sterf word hy opgeneem in heerlijkheid.

Toe die digter van Psalm 73 dit gesien het, het hy rus en vrede in die gemoed gekry. Die voorspoed van die goddelose was vir hom geen struikelblok meer nie. Hy begeer hulle voorspoed ook nie meer nie, want hy sien die groot gevaar wat dit inhou. Daarby leer die Bybel ons dat teëspoede en smarte soms goed is vir die mens omdat dit jou daartoe bring om jou diep afhanklikheid van God te besef sodat jy naby Hom kan lewe.

Nou vra die digter nie meer: "Wat baat dit om God te dien?" nie, maar sy grootste vreugde bestaan daarin om in voorspoed en teëspoed naby God te wees.

Bowendien sien hy dat die diens aan die Here inderdaad 'n geweldige bate het — 'n bate wat 'n mens hier op aarde reeds ervaar, nie juis in voorspoed, geluk en rykdom nie, maar deurdadig jy vrede in die hart en rus in die gemoed het in die vergewing van sondes deur Jesus Christus. Maar die bate wat die diens van God het, sal 'n mens veral na die dood ervaar.

Dan — so sê die Here deur die profeet Maleagi aan die mense wat in sy tyd met dieselfde probleem geworstel het — dan na die dood en veral met die wederkoms van Christus "sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie" (Mal. 3:18).

Dan sal ons die volle antwoord vind op die sondige vraag: "Wat baat dit om God te dien?" omdat die gelowige dan uit die mond van die Here sal hoor: "Gaan in in die vreugde van jou Heer", maar die goddelose uit sy mond sal verneem: "Gaan weg van My in die ewige straf . . . Ek het julle nooit geken nie."

Hou dan op om te vra: "Wat baat dit om God te dien?" Neem Christus, die groot Gawe van God aan u as u persoonlike Verlosser aan en dien Hom uit dankbaarheid.

P. J. de Bruyn.

Gebed

Ewige, lewende God wat my geskape het tot u eer, gee my genade om U op 'n waardige wyse te dien. U is die heerlikste, die heiligste, die skoonste... U is regverdig in al U werke en heilig in al U weë. U is die Almagtige wat deur niemand weerstaan kan word nie. Ewige lig, ewige verlossing, ewige liefde. In U vind ek alles wat my in my ellende ontbreek. U is 'n volheid, en buiten U is daar alleen armoede en jammer en ellende. Die lewe sonder U is die bittere dood. U genade is beter as die lewe. U, rykste skat, U ewige goed, U heerlike God, wanneer sal ek U volkome aanskou? Heilige God, ewige Koning, aan U kom toe die lof en die eer en die prys tot in alle ewigheid.

Amen.

Johann Arndt



'n Lied van die Geloof

Psalm 32:3, 4.

Ek het bely, o Heer! — in sielerou nie
my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem,
U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes
om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan,
dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

U is dit, Heer, wat tot my hulp gereed is,
'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring,
en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder.
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en "wil jou voet op veilige pad laat gaan,
waarop my oog jou altyd gadeslaan.

DIE DAG TOE EK GEROEP HET ...

Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor, my moedig gemaak met krag in my siel. As ek temidde van benoudheid vandel, behou U my in die lewe.

Psalm 138:3, 7.

TROOS VIR DIE GEVALLENES.

Die Here ondersteun almal wat val, en Hy rig almal op wat neergeboë is. Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy werke.

Psalm 145:14, 17.

SO ONTSTAAN DIE SONDE.

So ontstaan die sonde altyd: begin met verduistering van die verstand, sit hom voort in die prikkeling van die verbeelding, wek in die hart die begeerlikheid, en voleindig hom in die wilsdaad.

H. Bavinck.

WIE MEEN DAT HY STAAN

Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie, maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

1 Kor. 10:12, 13.

Dominee, het die Ou Testament iets met Jesus te doen?

Dit was op 'n koue Woensdagaand, êrens in die hartjie van Johannesburg. 'n Paar mense het opgedaag om te kom luister na 'n sekere predikant wat gereeld elke week die Evangelie van Christus in 'n klein saaltjie verkondig. Die betrokke aand was hy nog besig om te spreek oor die **Regverdigheid** van God en hy het nog met die oop Bybel in die hand gestaan, toe daar meteens 'n dringende, byna uitdagende vraag uit die gehoor kom:

"Maar dominee, het die Ou Testament ooit iets te doen met Jesus?"

Dat daar so 'n vraag kan kom van baie mense in Johannesburg wat niks meer met 'n Kerk te doen het nie, het hierdie predikant nie verbaas nie, maar dat dit juis moes kom van iemand wat vir die afgelope vyf-en-twintig jaar gereeld elke week "Christelike lesings" van 'n sekere godsdienstige groep bygewoon het, was eenvoudig ondenkbaar!

25 jaar lank elke week 'n lesing oor Jesus, en nou hierdie vraag!! Nog nooit gehoor van Jesaja 53 nie? Nog nooit die klaagstem van Jesus in Psalm 22 gehoor nie? "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

En wat 'n wonderlike insig het daar meteens vir hierdie persoon wat die vraag gestel het gekom, toe die dominee maar net rustig Jesaja 53 gelees het. "Dit is vir my 'n nuwe wêreld!", het sy gesê. Terloops moet opgemerk word dat die persoon 'n bejaarde dame van in die sewentig jaar is.

Inderdaad, om maar net 'n menslike lesing oor Jesus te hoor, om Hom maar net te sien as 'n groot wonderdoener wat siekes gesondmaak, of iemand wat 'n tipiese voorbeeld is van die ideale persoonlikheid, hy is met sy Jesus en al nog so ontsettend arm.

Maar wie Jesus leer ken as die **Christus van die Skrifte**, soos ons Hom ook leer ken uit die **Ou Testament**, hy sien 'n "Nuwe Wêreld"! Op sy gesigsveld sien hy gedurig die Nuwe Jerusalem, die stad nie met hande gemaak nie!

(Meegedeel)

Winter

Koud!

Troosteloos!

Meestal: vaal en droog. Die bome en plante is kaal, en die aarde is stowwerig en lelik!

Die winter is nie mooi nie!

Is dit ook u opinie, leser?

As u saamstem, gesels ons lekker; verskil u egter dan vra ek 'n paar oomblikke geduld om verder te lees.

In die winter huil die wind weemoedig deur die kaal-verstyfde takke, en 'n koue suising sny om die ruwe stamme van die ontblote bome. Die boom in sy ontblote en gestroopte winteraaktheid vorm 'n skril kontras met die somerweelde van blarerykdom en blom- en vrugteprag, dit bied ook nie skuiling vir dier of mens en geen skaduwee vir die vermoiede nie.

Wanneer mens net stam en takke sien, ontstaan die gedagte: die boom verkeer in sy winterslaap, of hy is dood . . . Dit laat so 'n ligte rilling langs die rugstring afhardloop! Slaap hy of is hy dood? Is daar 'n toekoms? Kan daar weer blare en vrugte, kleur en geur, vreugde en blydschap kom? Is daar nog 'n lente en weer 'n somer?

Vriend, het u ook al oor hierdie dinge gedink? Oor die toekoms? Ver wag u ook 'n lente en somer in u lewe? Ja, in u geestelike lewe? Hoe staan dit daarmee? — U wat so koud en onverskillig, onnadenkend of afkerig staan teenoor die Bybel en die kerk van Jesus Christus!

U sê: dit gaan jou nie aan nie, dit is my eie sake en dit raak jou nie as ek sonder God en Christus leef nie!

Net 'n oomblik! Nie so haastig nie!

Kyk na die bladwisselende bome in u tuin, of langs die straat of in die park! Pas tevore het ons in die winterkaalheid 'n ooreenkoms met die dood gesien, en het ons die koue vinger van die dood gevoel, en die troosteloosheid vir 'n oomblik ervaar!

Enmaal het die bekende apostel, Paulus, aan die kerkmense van Efese gesê dat hulle vóór hul bekering toe hulle sonder Christus was, ook sonder God en sonder hoop in die wêreld was. Dit was winter in hulle hart en siel! So is dit gesteld met die mens sedert die dae van Adam en Eva se ongehoorsaamheid in die Paradys. Hulle vlug van God weg; en daarom ken die mens God nie in werklikheid nie, en omdat hy God nie reg en ten volle ken nie, weet hy ook nie van al die beloftes wat God gemaak het nie. Aan die hele menslike geslag is belowe dat 'n Verlosser en Saligmaker aan hulle geskenk sal word. Hierdie belofte is vervul toe Christus gebore is. Hy het ons Verlosser geword toe Hy gekruisig is op Golgota, en deur sy offerande het Hy ons voor God geregverdig. Hy het vir ons betaal met die duur prys van sy bloed. As ons God en die beloftes van sy evangelie ken, is daar hoop! Hoop op 'n ewige lewe! Hoop omdat die sondes almal vergewe is, naamlik die sondes wat ons leer ken het uit die Woord van God. Die ewige lewe is derhalwe nie 'n sprokie nie, maar 'n werklikheid!

Hierdie kennis van God en jouself, en die aanvaarding van die beloftes van God vorm die blarerykdom en vrugteprag en blommeweelde in die hart en siel van *die* gelowige. Hoe treffend is die beskrywing van die kind van God nie, want die een wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die

spotters nie, en wat 'n behae het in die wet van God, — hy is soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verdroog nie. Die regverdige word vergelyk met 'n palmboom en met 'n seder op die Libanon, wat tot in die gryse ouderdom vrugte dra, en wat vet en groen sal wees. So lyk die mense wat naby God leef — hulle is fris, groen, vrolik en aantreklik.

Daarom verstaan mens ook die woorde wat Christus aan sy dissipels gesê het: Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. Dus: lote, ranke, takke hoort vas aan die stam te wees! Los van die stam, los van Christus, sonder Christus, verwyder van God en Christus beteken enkel en alleen maar die dood!

Wie en wat is die oorsaak van die verwydering van God en Christus, en gevolglik van die dood? Die duiwel, die satan, die slang! Hy veroorsaak dat die Woord van God en sy beloftes in twyfel getrek word, dat dit vertrap of geheel vergeet word! Deur sy influistering en optrede ontnem hy werklike geluk en vreugde, vrede en blydschap uit die hart en siel van die mens en hy skenk die skyngeluk en 'n nagemaakte vreugde en vrede, 'n dwase dapperheid en ydele selfvoldaanheid. Hy bring die ewige winter, en hy maak die hart en siel ysig en koud. Hy ontnem die verterende liefde tot God, die vurige ywer en die stille toewyding aan Christus. Hy laat jou uiteindelik in die steek, want jy nader die graf sonder God en Christus, sonder hoop en verwagting, sonder 'n raadgever in die grootste benoudheid, sonder een wat help en ondersteun in ons grootste ellende en gevaar. Troosteloos wanneer Satan jou beroof het van weelde en geluk, ja wanneer hy jou gestroop het van die kosbaarhede wat God geskenk het aan elke mens op aarde.

Dink oor die toekoms! Onbeskryflik die volheid en volmaaktheid, die ewige geluk en vreugde vir diegene wat by, naby en met God en Christus geleef het, — maar hoe angsvol en troosteloos is nie die ewige winter, die dood, wanneer daar geen hoop en vooruitsig is op die ewige lewe, wanneer daar geen hoop op die somer is nie!

Vriend, mag u die taal van die winter verstaan en begryp, en mag u besef dat u voor die aangesig van God nakend is, soos die boom wat in sy winterkaalheid gestroop is. Vlug nou nie weg van God nie, maar vlug na Hom, en Christus sal u beklee met die mantel van geregtigheid, ja soos die palmboom en die seder wat fris en groen is en waarvan die blare nooit verdroog nie!

G. H. J. Kruger.

Brokkies Lewenswysheid

OM TE LY SONDER OM TE KLAË, OM OPSY GESTOOT TE WORD UIT DIE SAMELEWING, OM JOU TE ONDERWERP AS DIE TEUELS VAN JOU LEWE UIT JOU HANDE GEVAT WORD, OM GELOUTER TE WORD DEUR MAGTE WAT JOU PYN EN VERDRIET AANDOEN, — DIT TOETS DIE KRAG VAN JOU GEES MEER AS AKTIEWE PLIGS-BETRAGTING.

GETREF DEUR 'N GIFPYL . . .

Wat dink u van so 'n man:

Hy word deur 'n dodelike gifpyl getref.

Dit dring diep in sy liggaam in.

'n Onvermydelike dood staar hom in die aangesig as daar nie haastig opgetree word om hom te red nie. Maar wat doen die man? Onbedagsaam is hy nou besig om allerlei sydelingse vragies aan hom self te stel: Van watter soort hout is hierdie pyl gemaak — ek wonder.

Van welke soort voël is hierdie pragtige vere gepluk?

Hoe sou die man lyk wat die pyl afgeskiet het — is hy lig of donker? lank of kort?

Waar kan 'n mens van hierdie pyle te koop kry?

As u een van die omstanders is, sal u nie op die man afstorm en hom toeskreeu: ruk die pyl uit of jy sterf! So gaan dit met ons in die lewe. Satan tref ons met dodelike gifpyle. In plaas van die pyle uit te ruk, staan ons dikwels allerlei sydelingse besonderhede in verband met die pyl en mooi vind. Ons vergeet die ontsettende hoofsaak: die pyl moet dadelik uitgeruk word!

Onthou hierdie les, u wat nou dié woorde lees. Ruk die pyl uit!

'N LEWENSEMBLEEM.

Die Morawiërs het as simbool vir hul kerk die volgende voorstelling:

'n Os wat staan tussen 'n ploeg en 'n altaar. Onder aan staan die eenvoudige byskrif: Gereed vir albei.

Dit wil sê bereid om Christus te dien, maar ook bereid om vir Hom te sterwe.

Verstaan u dit?

Wat is die embleem, die simbool van u lewe?

LEDIGHEID IS DIE OORKUSSING . . .

Ledigheid is 'n baie gevaarlike toestand. Dit bring baie euwels met hom mee.

Wanneer daar smart in ons lewe kom, is dit die beste om nie alleen en ledig te gaan sit nie, maar om so gou as moontlik tot jou dagtaak terug te keer. Aanvanklik sal jy voel asof jy in 'n onwerklike wêreld van skaduwees rondbeweeg en asof die dinge hul betekenis verloor het. Nógans is dit wys. En as jy versoek word, is dit die verstandigste om dadelik terug te val op een of ander stokperdjie of spel wat jou aandag sal aflei, jou gedagtes sal vul en die bose influisteringe sal oorstem. Beste is nog om te bid: Lei my nie in versoeking nie, maar verlos my van die bose.

In die lig hiervan is dit maar 'n floue verskoning dat ons, as ons maar net 'n kans gegun was,

God getrou sou gedien het.

Natuurlik het die drukte van die lewe ook sy gevare. Want in die gejaagdheid en rumoer van die lewe kan 'n mens die kontak met God verloor.

Tog bly ledigheid veel gevaarliker.

Ons verloor soms hierdie feit uit die oë as ons pleit vir korter werksure en meer ledigheid. Alles hang af van hoe ons die ledige ure gebruik. Solank 'n man met opbouende arbeid besig is, is sy siel gewoonlik taamlik veilig. Dit is wanneer hy in sy huis of op die strate ledig rondswerwe dat hy die versoekinge uitnooi.

En hulle kom.